

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 163

Soos 'n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.
U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Woorddiens

Tema: Kan ons gesels? Oor Jesus se langste gesprek.

Skriflesing: Johannes 4:5-42

Broodjies vir die pad

"Marriage as a long conversation. - When marrying you should ask yourself this question: do you believe you are going to enjoy talking with this woman into your old age? Everything else in a marriage is transitory, but most of the time that you're together will be devoted to conversation."
— Friedrich Nietzsche, *Human, All Too Human: A Book for Free Spirits*

Eks. 4:10

"*Ek praat swaar en my tong sukkel*"

Ag, Here van die leërskaar,
ek's nie 'n man van woorde nie
nie van toeka af aan nie
ek staan hier vasgevang
tussen doodsvrees en bang
vir ander mense

hulle
sing lofwaardige lofsange
skryf volop verse vir U
in engeltale
hulle wange bol spraaksaam
volgens Lina Spies
en blaas woorde tot vlamme vreugde
tienduisende engele
staan volop in U stad
in feestelike vergadering
hulle praat die hele openbaring vol
maar ek
is swaar van mond en tong
dit hakkelt as ek praat

ek sukkel met die skryf
en prut-prut deur die bank
waar ek klinksuiwer klank
in fonografie verander
om uit te saai as elektrone

kan U
my prullerige gestotter
wat vashaak in die algemene
formules en formuliere
sinvol gebruik
die dubbelsuinige gewoord
en dwalende gedagtes
tot brandpunt trek
sodat die mense luister?
Leer my wat te sê fluister
in my ore wees
Ek is
met my mond
help my gebroke stem
en halsstarrige vingers
om slim woorde vas te pen
bring hulle nader laat dit ryk
stol
soos voor die dolosgooier
van die woord se flits
laat ek, met wyk,
heilige ongehoorde dinge sê
wat waardig is van U
soos die donder en die blits
is dit wat U wil hê?
So nie, Here,
stuur liewers iemand anders
om te sê.

Meyer van Rensburg, 2020

"We define our identity always in dialogue with, sometimes in struggle against, the things our significant others want to see in us. Even after we outgrow some of these others—our parents, for instance—and they disappear from our lives, the conversation with them continues within us as long as we live."

— Charles Taylor, *Multiculturalism*

Irannese flied oor doodstraf wen topprys

'n Irannese rolprent oor die doodstraf het die topprys by die 70ste internasionale rolprentfees in Berlyn gewen.

Mohammad Rasoelof moes sy wenprent, *There Is no Evil*, in die geheim verfilm omdat hy drie jaar gelede in sy vaderland belet is om rolprente te maak. Hy mag ook nie reis weens die verbanning nie en kon dus nie die spoggeleentheid Saterdagand in die Duitse hoofstad bygewoon nie. Sy dogter, Baran, wat ook in die rolprent te sien is, het die Goue Beer in ontvangs geneem.

Die rolprent, 'n koproduksie met Duitsland waar dit Vrydag uitgereik is, beeld uit hoe 'n outoritêre regering gewone burgers dwing om onmenslik op te tree. Die akteur Jeremy Irons, voorsitter van die beoordelaars, sê die flied ondersoek die konsep van morele gedrag.

Rasoelof het in 'n video-opname op 'n mediakonferensie ná die oorhandiging gesê sy rolprent wys daarop dat mense verantwoordelikheid moet neem vir hul besluite en optrede. Die besluit oor die doodstraf word nie net deur mense in topposte geneem nie, maar ook deur gewone mense wat hulle daarteen kan verset.

Variety berig dat die doodstraf in Iran dikwels deur dienspligtige soldate uitgevoer word, soos uitgebeeld in die flik, en dat dit 'n groot emosionele en morele las op die skouers van gewone burgers plaas.

Rasoelof is in 2017 met sy terugkeer na Iran ná die Cannes-rolprentfees waar sy flik *A Man of Integrity* gewys het, verbied om verder rolprente te verfilm en is tot een jaar tronkstraf gevonniss. Hy is daarvan aangekla dat hy “propaganda versprei”. Hy het sy jongste rolprent in vier segmente verdeel sodat hy dit makliker en ongehinderd kon verfilm.

Die tweede prys is gewen deur die Amerikaanse rolprent van die regisseur Eliza Hittman, *Never Rarely Sometimes Always*, wat abortsie as tema het.

Onder die ander toppryse tel die beste regisseursprys, wat aan Hong Sang-soo vir *The Woman Who Ran* oorhandig is, terwyl die beste akteur en aktrise onderskeidelik die Italiaanse akteur Elio Germano vir sy vertolking in *Hidden Away* en die Duitser Paula Beer vir haar vertolking in *Undine* is.

Die vooraanstaande rolprentfees het in Januarie bekend gemaak dat hulle die Alfred Bauer Silwer Beer-prys ophef vanweë Bauer se Nazi-verlede wat intussen aan die lig gekom het. Hy het aan die Nasionale Sosiaalistiese Party behoort en het 'n toppos in die burokrasie gehad gedurende die Nazi-era. Dit is nou net as die Silwer Beer-prys bekend.

* In nog internasionale rolprentnuus het verskeie aktrises uitgeloopt tydens Vrydagaand se César-toekenningsaand in Parys kort nadat die Pools-Franse regisseur **Roman Polanski** (87) as beste regisseur vereer is. Polanski is in 1977 skuldig bevind aan die verkragting van 'n 13-jarige meisie. Hy het Amerika kort nadat hy skuldig bevind is, verlaat en hom in Europa gaan vestig. Daar was reeds ongelukkigheid in die rolprentgemeenskap nadat sy flik, *An Officer and a Spy*, 12 César-benoemings losgeslaan het. Dit het Vrydagaand drie Césars gewen. Polanski en lede van sy span het volgens berigte nie die verrigtinge bygewoon nie, uit vrees vir “onsmaaklikheid”. – **Saamgestel deur Laetitia Pople uit bronne BBC, Variety en CNN.**

<https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/irannese-flik-oor-doodstraf-wen-topprys-20200301>

Brood vir die pad

'n Man wat kon luister

Willie Esterhuyse

My en Pieter de Lange se paaie het vir die eerste keer by die destydse Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) gekruis, waar ek aan die filosofiedepartement verbonde was.

Die RAU – deesdae die Universiteit van Johannesburg – is destyds gestig as 'n Afrikaanse universiteit “uit die Afrikaner, vir die Afrikaner in die stad”. Die rektor wat dié projek moes lei, was prof. Gerrit Viljoen, later administrateur-generaal van die destydse Suidwes-Afrika, tans Namibië. Maar Viljoen sal veral onthou word vir sy latere werk as minister van staatkundige ontwikkeling in die kabinet van oudpres. PW Botha en een van slegs twee NP-ministers wat Nelson Mandela in die gevangenis besoek het en die pad voorberei het vir sy uiteindelijke vrylating.

De Lange het in 1979 self rektor van die RAU geword – 'n pos wat hy tot 1987 bekleed het. Voor dit was hy ook die rektor

van die Potchefstroomse Onderwyskollege (1969) asook viserektor van die Goudstadse Onderwyskollege.

Sy opgang, sonder lawaai en vorme van ego-massering, was eintlik merkwaardig: voorsitter van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), die Raad vir Bevolkingsontwikkeling en 'n omvattende navorsingsprojek aangaande die stand van die onderwys in Suid-Afrika, direkteur van Nasionale Pers (1993), ensovoorts.

Hy tree tot die openbare lewe toe op presies dieselfde tyd as wat die Afrikanernasionalistiese hegemonie begin wankel het. Botha was desperaat. Die oorlog aan en oor die grens van die ou Suidwes en tot diep in Angola gee hom slapelose nagte. Vir dié wat dit nie self deurleef het nie – soos talle van die jonger politieke leiers van vandag – is dit maklik om uit die oog te verloor, maar die 1980's in Suid-Afrika was 'n meedoënlose oorgangstydperk.

Tussen 1984 en 1994 beleef De Lange hierdie oorgangsproses so te sê eerstehands as voorsitter van die eens magtige Afrikaner-Broederbond. Hy word, op sy rustige, beskeie en baie toegewyde manier, een van die belangrikste mense wat die proses van voorpuntdiplomatie (track two diplomacy) laat slaag om Suid-Afrika van 'n bloedbad te red.

Dit was 'n lang en selfs meedoënlose stryd in Afrikanergelede wat, te eenvoudig gestel, gewentel het om die eksklusiewe behoud van wit mag én vorme van magsdeling. Dalk selfs inklusiewe meerderheidsregering.

In my gesprekke met prof. Piet het hy nooit oor laasgenoemde – die onafwendbare van meerderheidsregering – getwyfel nie. Hy het wel vier voorwaardes daarvoor gehad:

* Hoe, wanneer en deur wie moet die oorgangsproses gebeur sodat stabiliteit verseker kan word.

* Watter rol Afrikaners en veral die NP en sy leierskorps in dié verband kan speel.

* 'n Verklaring van voorneme oor die proses is nodig, onderteken deur ten minste die naaste spelers asook 'n erkenning van alle minderheidsregte.

* Die samewerking én inspraak van die sakesektor is van fundamentele belang. Sonder dié borgskap en insette kan 'n nuwe bedeling nie werk nie.

Sy vyf uur lange gesprek met Thabo Mbeki in Junie 1986, toe nog 'n “terroris”, in die VSA, is om één rede van belang: Om met vriende oor vrede te praat, is heeltemal waardeloos. Om vrede te bewerkstellig, móét jy bereid wees om met “die vyand” te praat. Prof. Piet, 'n Afrikaner en Broederbonder, was bereid om dit te doen. Hy was een van die min Afrikaners wat met vriend én vyand kon praat.

'n Ander gespreksgenoot was Willem de Klerk, 'n voormalige redakteur van Rapport en dié verligte Afrikanerleier van die 1980's, en boonop die broer van die toe nog erg konserwatiewe FW de Klerk, 'n lid van Botha se kabinet. De Lange se standpunt was: “Alle stemme moet gehoor word”.

Myns insiens was dit De Lange se belangrikste bydrae tot ons vreedsame oorgang, want dit veronderstel 'n voorwaarde: die bereidwilligheid om te luister.

Ek eer hom graag as die mens, die professor en die leier wat die kuns om te luister 'n lewenswyse gemaak het.)?Q?Jan Pieter de Lange (27 Februarie 1926?–?9 April 2019)

* Prof. Willie Esterhuyse is 'n voormalige lektor in filosofie en medeouteur, saam met Gerhard van Niekerk, van die boek *Die tronkgesprekke: Nelson Mandela en Kobie Coetsee se geheime voorpunt-diplomatie*.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/n-man-wat-kon-luister-20190414>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877